**TYGERBERG ORGIDEË GROEP: PRIVATE GRONDWET**

n Nie-winsgewende Organisasie Nr. 030-660-NPO

**1. Naam**

1.1 Die organisasie hiermee gekonstitueer bekendstaan as DIE TYGERBERG ORGIDEË GROEP,

1.2 Die verkorte naam sal TOG (hierna genoem die Groep) wees

1.3 **Beheerliggaam:** Die Groep sal:

- In eie reg bestaan, onafhanklik van die lede en bestuurslede
- Die Groep sal bly voortbestaan en sal poog om hul doelstellings en doelwitte na te streef ongeag veranderinge in die samestelling van die ledetal of bestuurslede
- In staat wees om eiendom en ander besittings te besit
- In eie naam te dagvaar en gedagvaar te word

**2. Die Doel** van hierdie Groep word in die volgende paragrawe uiteengesit, met diè voorbehoud dat die groep nie dààrdeur gebind word om sy trefwydte te beperk nie.

2.1 Die Groep beoog om die belangstelling in en deelname aan die kruisteelt, propagering en kweek van alle orgideëgenera te bevorder en sodoende die standaard en kwaliteit daarvan te verbeter.

2.2 Om die ideale vervat in paragraaf 2.1, veral in die Tygerbergstreek van die Weskaap te bevorder, deur lidmaatskap te werf van alle belangstellende persone en instansies.

2.3 Om die nodige orgideë-kennis aan sy lede beskikbaar te stel deur bemiddeling van gereelde leersame vergaderings, nuusbriewe en die daarstelling van 'n orgideë-boekery.

2.4 Om Skoue, Kompetisies en Uitstallings van orgideë te reël en, waar nodig, te sorg dat goeie beoordeling plaasvind en die nodige toekennings gedoen word.

2.5 Om te affilieer by ander verenigings of liggame wat 'n gemeenskaplike doel nastrewe.

2.5.1 Om die bewaring van die inheemse Orgideë spesies te bevorder. Hul status te bestudeer en bepaal. Praktiese stappe te neem vir hul voortbestaan. Die uitruiling en verspreiding van toepaslike informasie.met ander belanghebbende groepe.

2.6 Om na die finansiële belange van die Groep om te sien deur:

2.6.1 Die heffing engereelde insameling van lede- enaanverwante gelde;

2.6.2 Die reëling van fonds-insamelingspogings om fondse aan te vul;

2.6.3 Die belegging teen die beste beskikbare rentekoers van beskikbare kontantbates.

2.7 Om 'n lid af te vaardig na kongresse, vergaderings, skoue ens. waar die Groep ag dat dit in sy belang sou wees.

2.8 Om enigiets anders te doen wat bykomstig en/of aanvullend sou wees om bogenoemde oogmerke van die Groep ten uitvoer te bring.

**3. Inkomste en Eiendom**

3.1 Die Groep sal n aantekening van alle besittings hou .

3.2 Lede en bestuurslede kan op geen eiendom of einge ander besittinge van die Groep aanspraak maak nie bloot op grond daarvan dat hul lede en bestuurslede is. Die inkomste en eiendom van die Groep sal alleenlik ter bevordering van die Groep se doelwitte en doelstellings aangewend word. Geen deel van die inkomste sal direk of indirek deur middle van dividende, bonusse ens. aan enige persoon wat n lid van die Groep is of was, uitbetaal of oorgedra word nie. Fondse mag alleenlik aan lede oorbetaal word ter vergoeding vir dienste gelewer of terugbetaling van koste deur n lid aangegaan in diens van die Groep

3.3 Lede en bestuurslede van die Groep mag nie die reg toeeien van enige besitting van die Groep nie

3.4 Lede en bestuurslede van die Groep sal nie aanspreeklik gehou word vir enige verpligtinge en laste van die Groep nie net omdat hulle lede en bestuurslede van die Groep is nie.

**4. Lidmaatskap**

4.1 Lidmaatskap van die Groep is onderworpe aan die voorlegging aan en goedkeuring van die Bestuur van 'n aansoekvorm, onderteken deur die aansoeker, 'n voorsteller en 'n sekondant, en vergesel van die nodige gelde soos bepaal deur die bestuur.

4.2 Die toetreefooie, jaargelde en ander heffings word vasgestel vir die verskillende kategorieë van lidmaatskap, insluitende dié vir enkel lidmaatskap, egpare, skoliere en studente (voltyds) en besigheidslede.

4.3 Alle subskripsies is jaarliks verskuldig en betaalbaar op 'n datum soos deur die Bestuur bepaal. Die versuim om subskripsies stiptelik te betaal, stel 'n persoon bloot aan onmiddellike opskorting as lid.

'n twee-derde meerderheidstem tot Ere-Lewenslange lid verkies word. So 'n lid is dan lewenslank geregtig op alle voorregte van die Groep sonder betaling van enige verdere jaargelde of subskripsies.

**5. Bestuur**

5.1 Bestuur word jaarliks deur stemgeregtigdelede verkies tydens die Algemene jaarvergadering.

5.2 Die Bestuur sal bestaan uit:

5.2.1 President

5.2.2 Vise-President

5.2.3 Sekretaris

5.2.4 Tesourier

5.2.5 Bibliotekaris en

5.2.6 Vier (4) of meer Bykomende lede

5.3 Die Bestuur beskik oor die reg om te koöpteer:

5.3.1 Om 'n vakante bestuurspos te vul. Die gekoöpteerde sal dan die res van die pos se termyn uitdien.

5.3.2 Wanneer 'n persoon in 'n spesifieke hoedanigheid benodig word, byvoorbeeld as 'n skou -organiseerder, nuusbrief redakteur of voorsitter van beoordelaars, ens.

5.3.3 'n Bestuurslid sal onmiddellik ophou om as sulks te funksioneer indien enige van die volgende op hom van toepassing is:

5.3.3.1 Hy ophou om opbetaalde lid van die Groep te wees.

5.3.3.2 Sy skriftelike bedanking deur die Sekretaris ontvang word.

5.3.3.3 Hy afwesig is van drie agtereenvolgende Bestuursvergaderings sonder geldige, skriftelike verskoning.

**6. Sekretaris**

Die Sekretaris sal sy pligte soos van tyd tot tyd deur die Bestuur aan hom opgedra, tot die beste van sy vermoë uitvoer. Dit behels ondermeer:

6.1 Die afhandeling van alle korrespondensie van die Groep.

6.2 Die opteken van notules van alle Bestuurs- en Groepvergaderings.

6.3 Die byhou van 'n volledige lederegister van die Groep.

6.4 Die versorging en bewaring van alle dokumente en ander geskrifte wat nodig mag wees vir die goeie bestuur van die Groep.

**7. Tesourier**

7.1 Sal verantwoordelik wees vir die aanteken van alle gelde wat aan die Groep oorbetaal word, asook vir alle uitbetalings soos deur die Bestuur bepaal.

7.2 Sal sorg dra dat deeglik boekgehou word van alle geldelike bates van die Groep en dat finansiële state aan die Bestuur voorgelê word soos en wanneer aangevra.

7.3 Sal alle gelde van die Groep in 'n goedgekeurde bankrekening besorg, met uitsondering van 'n kleinkasbedrag soos deur die Bestuur goedgekeur.

7.4 Moet alle betalings waarvoor geen goedkeuring vòòraf verkry is nie, by die volgende vergadering voorgelê vir goedkeuring en aantekening in die notule.

7.5 Sal finansiële boeke en state voorberei vir ouditering deur 'n bevoegde ouditeur vòòr die Algemene Jaarvergadering van die Groep.

7.6 Die Groep se finansiële jaar eindig elke jaar op 31 Desember. Die rekeningstate en rapporte van die Groep moet binne ses maande na afsluiting van die finansiële jaar gereed wees en aan die Direkteur van Nie-winsgewende Organisasie oorgehandig word.

**8. Die Mag van die Organisasie.**

Die Bestuur kan die mag uitoeffen wat nodig is om die Groep se doelstellings, soos uiteengesit in nommer twee van hierdie grondwet, te bereik. Hul aktiwiteite moet binne die wet geskied

8.1 Die komitee het die mag en outoriteit om geld in te samel of skenkings te vra en te ontvang

8.2 Die Bestuur het die mag om enige eiendom te koop, huur of ruil, om die Groep se doelstellings te verwesenlik

8.3 Die Bestuur het die mag om huishoudelike reëls te maak vir gepaste, geskikte bestuur, insluitende die prosedure vir die aansoek, goedkeuring en be-eindeging van lidmaatskap.

8.4 Die organisasie sal oor die mag en funksies van die Bestuurlede besluit.

8.5 Die verantwoordelikheid van die Bestuur sluit ondermeer die volgende in:

8.5.1 Om toe te sien dat die finansiële sake van die Groep te alle tye gesond, en die beheer daarvan bo verdenking is.

8.5.2 Om gevolmagtigdes aan te wys om tekenregte uit te oefen vir die uitreiking van tjeks

en af te kondig.

8.5.4 Om, volgens goeddunke, tydelike aanstellings te doen van ere-beoordelaars, ere-skou-opsieners en ander persone wat by skoue en ander spesifieke geleenthede benodig word.

8.6. Bestuurlede sal nie persoonlik aanspreeklik gehou word vir enige verlies wat n persoon mag ly as gevolg van n daad wat na goeddunke gepleeg is in die uitvoering van die Bestuurlid se pligte vir of namens die Groep nie.

**9. Bestuursvergaderings**

9.1 Die Bestuur vergader op 'n gereelde grondslag om alle tersaaklike besigheid van die Groep te bespreek, tot n besluit te kom daaroor en te sorg dat hierdie besluite uitgevoer word.

9.2 'n Kworum vir 'n Bestuursvergadering sal bestaan uit een meer as die helfte van die lede van die dienende Bestuur.

9.3 Die President, - en by sy afwesigheid, die Vise-President, - sal leiding neem by Bestuursvergaderings. Ingeval van afwesigheid van albei hierdie ampsdraers, sal die res van die Bestuur iemand uit hul eie geledere aanwys as 'n waarnemende voorsitter vir die geleentheid.

9.4 As dit nodig is, sal die Bestuur oor sekere sake stem. Indien die telling gelyk is, sal die voorsitter n tweede en beslissende stem uitbring

9.5 By elke vergadering sal notules geneem word wat die Bestuur se besluite noteer. Die notule sal ten minste twee weke voor die volgende vergadering aan elke Bestuurlid gegee word.Die notule sal goedgekeur en aanvaar word as n ware weergawe van die vergadering by die volgende vergadering en sal deur die voorsitter geteken word .

9.6 Notules moet van al die vergaderings in veilige bewaring gehou word en vir alle lede toeganglik wees

9.7 Die organisasie behou die reg voor om sub-Bestuurs te stig. Die besluit wat so n sub-Bestuur neem sal aan die Bestuur deurgegee word. Die Bestuur sal dan by die eerskomende vergadering onderneem om die besluit te aanvaar of te verwerp. Hierdie vergadering behoort binne n afsienbare tyd na die sub-Bestuur se vergadering gehou te word..

9.8 Alle lede van die organisasie moet hul by die besluite van die Bestuur neerlë

**10. Algemene Vergaderings**

10.1 Algemene Jaarvergaderings van die Groep word elke jaar gedurende APRIL gehou nadat skriftelike kennisgewing hieromtrent ten minste sewe (7) dae voor die vergadertyd aan elke stemgeregtigde lid gepos is. 'n Agenda van die vergadering moet die kennisgewing vergesel. Sake wat op so 'n vergadering afgehandel moet word, is ondermeer:

- Instem vir die items vir bespreking op die agenda
- Noteer wie aanwesig is en wie apologie gestuur het vir hul afwesigheid
- Die notule en sake voortspruitende uit die notule van die vorige vergadering lees en goedkeur
- Presidentsverslag.
- Finansiële verslag.
- Biblioteeksverslag.
- Andere sake deur die Bestuur op die Agenda geplaas.
- Veranderinge wat lede aan die grondwet miskien wil maak. Enige veranderinge wat lede aan die grondwet wil maak moet die sekretaresse veertien (14) dae voor die AJV bereik.
- Verkiesing van nuwe Bestuur.
- Algemeen.
- Afsluiting van die vergadering.

10.2 Spesiale Algemene vergaderings van die Groep word gehou wanneer of die Bestuur so mag besluit of ten minste 10% (tien persent) van die Groep se lede by name, skriftelik by die Bestuur daarom vra. Die Sekretaris is dan verplig om kennisgewings soos in paragraaf 10.1 uit te stuur. Alleen die sake wat op die meegaande agenda aangedui word, mag op so 'n vergadering bespreek word.

10.3 n Kworum vir algemene vergaderings sal saamgestel word uit die teenwoordige lede van die Groep.

10.4 Elke volopbetaalde lid van die Groep wat by die vergadering teenwoordig is, beskik oor een stem wat hy na goeddunke gebruik. Een stem vir elke persoon oor 18 jaar in n familie-lidmaatskap.

10.5 Niemand mag by volmag namens iemand anders stem nie.

10.6 Stemming geskied deur die opsteek van hande, behalwe wanneer oor persone gestem word, in welke geval stembriefies gebruik word.

**11. Verandering van hierdie Grondwet**

Geen deel van hierdie grondwet mag verander word nie, behalwe deur 'n twee-derde (2/3de) meerderheid uitgebring in 'n stemming deur teenwoordige volopbetaalde lede ten gunste van die verandering(s) tydens 'n Algemene Jaarvergadering of 'n Buitengewone Algemene Vergadering wat spesiaal vir die doel belê is. In elke geval moet die voorgestelde verandering(s) duidelik omskrywe word in die agenda wat die kennisgewing van sodanige vergadering vergesel. Geen ander veranderings as die waarvan kennis gegee is, mag bespreek word nie. Geen amendament mag gemaak word wat die organisasie kan laat ontbind

**12. Ontbinding**

12.1 Die Groep mag alleenlik ontbind as daar by n vergadering wat vir hierdie spesifieke doel byeengeroep is, en ten minste twee-derdes van die lede aanwesig is, vir n ontbinding stem

12.2 Indien daar na ontbinding van die Groep, enige roerende of vaste aanwins is, sal dit nie onder die lede verdeel mag word nie maar wel aan n ander Suid Afrikaanse Organisasie geskenk word wat ooreenstemmende doelstellings het. Hierdie skenking kan net plaasvind na alle skulde en aanspreeklikhede vereffen is. Die Groep se algemene vergadering mag besluit watter organisasie dit behoort te wees

**Hierdie Grondwet is by n spesiale vergadering voorgelê te Bellville op die 13de April 2004, goedgekeur en aanvaar deur die lede van die Tygerberg Orgideë Groep.**

*Greig Russell* Sekretaris *Henny Cloete (Mev.)*

© 2004 TYGERBERG ORGIDEËGROEP